

Maandag

Titus 3: 3 – 7; Esegïel 36: 24 – 28; Matteus 3: 13 – 17. Teks Titus 3: 5 Tema Christus het die Heilige Gees ryklik op ons kinders uitgegiet. Ons doop ons kinders as babas in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ons glo en aanvaar geredelik dat ons babas aan die Vader behoort en dat Jesus Christus hul sondes afgewas het, maar hoekom doop ons ons babas in die Naam van die Heilige Gees? Wat doen die Heilige Gees werklik vandag met ons babas dat ons hulle in die Naam van die Heilige Gees kan doop? Die nuwe 2022 Afrikaanse Bybelvertaling het Titus 3: 5 op 'n baie besondere wyse vertaal wat die Grieks goed weergee: God het ons verlos, nie op grond werke wat ons gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming, en dan word die inhoud van ons verlossing só verwoord: “by wyse van afwassing, deur die wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik oor ons uitgegiet het deur Jesus Christus ons Verlosser.” Die rede vir die wyse waarop Paulus hierdie sin stel, is omdat hy besig is om gedeeltes uit die Ou Testament soos Esegïel 36: 24 - en Jeremia 31: 31 – te verwoord. Hy wys met hierdie sin dat Jesus Christus alles waarmaak wat God in die Abrahamsbelofte teenoor sy kinders onderneem het, hoe om God vir hulle te wees. Daarom moet ons Titus 3:5 en Esegïel 36: 24 – met mekaar vergelyk om die bedoeling van Paulus in Titus 3: 5 raak te sien. Hy stel eerstens dat God ons verlos nie op grond van ons liefde en gehoorsaamheid nie, maar op grond van God se ontferming. Hierdie is 'n direkte verwysing na God se verbond waarin God onderneem “Ek sal”, sonder enige kontrak of ooreenkoms met sy kinders oor wat hulle vir God moet doen. Die verbond word saamgevat in die sin: “Ek sal julle God wees en julle sal wees.” Alles wat God met, vir en in ons doen is 'n uitvoering van wat God teenoor Homself onderneem en is nooit 'n skikking of samewerking tussen ons en God nie. God onderneem wie Hy ons innerlik maak vir Hom. So ontferm hy homself oor ons. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Titus 3: 3 – 7; Esegïel 36: 24 – 28; Matteus 3: 13 – 17. Teks Titus 3: 5 Tema Christus het die Heilige Gees ryklik op ons kinders uitgegiet. Paulus sê tweedens dat ons verlossing is “by wyse van afwassing.” Hier verwys hy na die gedeelte van die Abrahamsbelofte in Eseg. 36: 25: “Ek sal rein water oor julle sprinkel en julle sal rein wees.” Die teken van die doop is altyd wesenlik deel van die vervulde verbondsbeloftes van God deur die verwagte Messias. Dit doop is altyd teken van ons verlossing “by wyse van afwassing.” Derdens sê Paulus ons verlossing is deur die weergeboorte en die vernuwing deur die Gees wat Christus ryklik oor ons uitgegiet het. (Tit. 3: 5,6) Hier verwys hy na die beloftes in Eseg. 36 dat God ons 'n nuwe hart en gees gee, ons ou hart verwyder, sy Gees in ons binneste gee en Hy maak dat ons uit sy liefde sy vaste voorskrifte sal volg en sy bepalings sal nakom en uitvier. God gee in ons 'n nuwe gees wat God en sy gebooie liefhet en God verwyder die gees in ons wat in sonde wil volhard. Hierdie werk van van die Heilige Gees in ons, noem Paulus hier die weergeboorte en vernuwing deur die Gees. In Titus 3: 5 verkondig Paulus hoe Jesus Christus deur sy lyding, kruisiging, dood en opstanding, die belofte van die Heilige Gees in Eseg. 36: 24 – en Jer. 31: 31 – binne is ons war en werklik maak. Wat Christus vir ons doen en binne in ons doen – is een en dieselfde verlossing. Dit is nie twee aparte verlossings so asof jy eers deel kan wees wat Christus vir jou doen en dan later deel moet kry van wat Christus in jou doen nie.

Titus 2: 14 beskryf wat Christus vir ons doen en 3: 5 wat Hy in ons doen, deur dit wat Hy vir ons doen: Jesus het Homself in sy lyding, kruisiging, dood en opstanding oor gegee om ons los te koop van alle wetteloosheid en om ons te reinig. Só! Deur ons los te koop en te reinig, stort Hy die Heilige Gees ryklik oor ons uit wat ons innerlik wederbaar en vernuwe, en ons volharding in sonde verbreek en ons uit die sekerheid van sy liefde weer verbind aan liefde vir Hom volgens sy geboorte. So is alles wat die Here vir ons doen en in ons doen, een verlossing. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Titus 3: 3 – 7; Esegieël 36: 24 – 28; Matteus 3: 13 – 17. Teks Titus 3: 5 Tema Christus het die Heilige Gees ryklik op ons kinders uitgegiet. Hoekom doop ons as Christene ons babas in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees? Een doop in een Naam gelyktydig! Want dit is hoe Christus sel die doop as teken vir sy kerk ingestel het: “Gaan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en van die Heilige Gees. (Mat. 28: 20) Ons kan nooit die doop só opbreek nie dat die een doop wys jy behoort aan die Vader, die ander doop wys die Seun het jou sondes afgewas en ’n ander doop wys jy is noue vir die eerste keer vernuwe en wedergebore, jy het nou eers die Heilige Gees gekry. Dit is wat geestelikes vandag wêreldwyd in alle kerke probeer bewerk met nuwe seremonies waarmee hulle die teken van die doop of probeer aanvul of sommer net vervang. Met ’n inseëning seremonie word kinders nou verseker dat hulle aan die Vader behoort, maar Jesus het nog nie hulle sondes afgewas en hulle het nog nie die Heilige gees ontvang nie. Met ’n nuwe bekeringsdoop-seremonie word jy jare later na jou inseën-seremonie verseker Jesus het jou sondes afgewas en dan nog later kan jy met nuwe opgemaakte waterseremonies of die ’n brabbeltaal bewys jy het nou eers die Heilige Gees ontvang. Maar die doop as teken wat die Here Jesus self ingestel het is een teken wat wys wat die Vader met jou doen – Hy neem jou as sy kind aan; wat die Seun met jou doen – Hy was jou sondes af en wat die Heilig Gees met jou doen – Hy is die Gees wat altyd besig is om jou verharde hart teen God weg te vat en jou ’n hart vervul met God se liefde gee. Daarom doop ons ons kinders met een doop in een Naam: in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees! Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Titus 3: 3 – 7; Esegieël 36: 24 – 28; Matteus 3: 13 – 17. Teks Titus 3: 5 Tema Christus het die Heilige Gees ryklik op ons kinders uitgegiet. Geestelikes wil nie hê dat ons ons babas mag doop nie en hulle verwerp die doop waarmee ons ons babas doop. Die rede vir hierdie verwerping is ’n verdoemende oordeel wat hulle oor ons babas uitspreek: voor hulle die Heilige Gees kan kry moet hulle eers in sonde vasgevang word en in sonde leef. Paulus se beskrywing van hoe Jode en heidene in sonde vasgevang was voor hulle tot geloof in Christus gekom het soos in Titus 3:3 word deur geestelikes ’n voorwaarde gemaak vir kinders om die Heilige Gees te kan ontvang. Hulle moet eers soos Jode en heidene in sonde vasgevang wees en in sonde leef, voor hulle die Heilige Gees kan kry! Met hierdie verdoemende oordeel oor ons babas verklaar hulle dan dat mense wat in die Naam van die Vader ingeseën is het nog nie vir Jesus en die Heilige Gees nie of dat mense wie se sondes deur Jesus afgewas is, is nog vasgevang in sonde omdat hulle nog nie die Heilige Gees gekry het nie. Is dit God se waarheid, sý betroubare uitspraak (Tit.3: 8) dat Hy Hom as Vader oor ons babas ontferm en hulle sondes afwas, maar sy Gees

van hulle weerhou sodat jy eers deur jou verharde hart in sonde moet gaan leef en jy eers tot bekering moet kom, voordat God jou 'n nuwe hart en gees sal gee wat hom lief het? Eers na hierdie verdoemenis tot sonde sal God ons babas sy Gees gee! Hierdie verdoemende verklaring verseël aan ons babas – dat God die Vader kan baie met hulle doen, die Seun kan baie vir hulle doen, maar die Heilige Gees kan niks in 'n baba, peuter en kleuter doen voor hulle nie eers in sonde vasgevang word en dan tot bekering kom om die Gees te mag ontvang nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Titus 3: 3 – 7; Esegël 36: 24 – 28; Matteus 3: 13 – 17. Teks Titus 3: 5 Tema Christus het die Heilige Gees ryklik op ons kinders uitgegiet. Hierdie verdoemende oordeel en onmoontlike vereiste wat ons babas gestel word word verbreek, versplinter en verbrysel deur God se Woord in Titus 2: 5 wat stel dat Hy het ons verlos nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming. Bekering, sondebelydenis, erkenning van en breek met sonde, om jou hart en lewe te gee, te bid, lief te hê en te dien is die werke waardeur mense hulle self reg maak. Verlossing deur God word nie aan mense gegee deur dat of omdat hulle hierdie dinge doen nie. Net uit, deur en op grond van god se ontferming deur Jesus Christus gee en laat hy ons in sy volle verlossing deel – ook die Heilige Gees wat ryklik oor ons uitgegiet word om in ons alles te bewerk en mee te deel wat Jesus Christus vir ons doen. te werk. Grootmense ontvang en deel in die uitgieting van die Heilige Gees net deur die ontferming van god, nie hul dae nie en daarom deel babas dit op dieselfde wyse as groot mense – deur die ontferming van God! Daarom doop ons ons babas met die een doop wat Christus ingestel het in een Naam – die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ons doop hulle volgens Titus 3: 7 as erfgename van die lewe in die liefde van die Vader, die genade van die Seun en die gemeenskap van die Heilige Gees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra

Titus 3: 3 – 7; Esegël 36: 24 – 28; Matteus 3: 13 – 17. Teks Titus 3: 5 Tema Christus het die Heilige Gees ryklik op ons kinders uitgegiet. Wat doen die Heilige Gees nou en altyd vir ons kinders vandat hulle babas is? Hy doen wat die teken van afwassing, die doop vir ons en hulle verseël! Hy is altyd besig om die hart wat in sonde wil volhard weg te neem. Altyd besig om hulle weer 'n hart te gee wat God wil liefhê en gehoorsaam wil wees en altyd besig om hulle in die bewussyn en sekuriteit van sy liefde te laat leef. Ons kinders is nie deur God verdoem om eers in sonde te val en verstrikt te raak in hul eie begeertes voor Jesus Christus die Heilige gees ryklik oor hulle uitstort nie. Ons doop ons babas in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees – aangeneem, gewas en vernuwe! Ons as gelowige ouers moet hierdie geloof in die Here vir ons kinders opneem. Wanneer word ons kinders opvoedbaar om gehoorsaam te wees? Van wanneer af kan ons hulle leer om die kwaad te los en die goeie te doen? Van geboorte af! Van geboorte af ontdek elke ouer dag vir dag dat my kind het 'n persoon en 'n wil – my kind het 'n gees. Die hele opvoeding van babas tot tieners veronderstel dat hulle 'n gees het. Die doop verseël aan ons dat die Heilige Gees in hulle gees woon, hulle vorm en vernuwe. Dit is juis hoekom ons kinders van geboorte af opvoedbaar is – vandat ons hulle die verskil leer tussen dag en nag! Ons mag hierdie elke-oomblik-opvoed verantwoordelikheid as liefdesplig opneem met die versekering dat hulle gedoop is in die Naam van die

Heilige Gees – dit is hoekom hulle opvoedbaar is. Hy vorm en vernuwe! Ons mag nooit die Gees van die Here in ons kinders blus nie! (1 Thes. 5: 19) Nooit mag ons hulle sien as kinders sonder die Gees wat eers in sonde moet val en verstrik raak voor hulle die Heilige Gees mag ontvang nie. Ons moet glo wat die doop aan hulle verseël en in hierdie sekuriteit hulle leer wat is reg en verkeerd van geboorte af. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus